PURE plaas!

Skep 'n nostalgiese atmosfeer in jou kombuis met ons plaasversierings. Deur Riana van der Merwe

Afkortings

RK = regte kant;
VK = verkeerde kant;
VP = voorpant;
NT = naattoelating.

Plaasmerklap

MATE

Borduurwerk is 30 x 26 cm.

JY HET NODIG

Ecru Aïda met 6 blokkies per cm – stuk van 50 x 46 cm;
Anchor-stringkatoengare in dié kleure: 1 stringetjie elk rooi **46**, oranje **316**, geel **369**, mosterd **887**, liggroen **842**, dofgroen **262**, jadegroen **216**, helder groen **211**, wit **2**, grys **397**, donkergrys **399**, swart **403**, maroen **896**, helder pienk **895**, dofpienk **894**, ligpienk **387**, blou **978**, ligblou **129**, grysgroen **393**, ligte grysgroen **373**, bruin **370**;
borduurraampie en beskermlap; gare in ligte kleur vir ryg.

MAAK SÓ

1. Werk rand van borduurstof af of plak met strook maskeerband sodat dit nie uitrafel nie. Merk middel van lap met rygdrade.
2. Span borduurstof in borduurraampie met beskermlap en borduur soos op diagram aangedui in kruissteek. Gebruik deurgaans 3 drade vir kruise en 2 drade vir Holbein-steke. Sorg dat boonste balkies van alle kruisies in dieselfde rigting lê.
3. Plaas voltooide borduurwerk met VK boontoe op handdoek en pars liggies. Laat lê tot koud en droog. Borduurwerk raam makliker as jy dit liggies stywe met aanspuitstysel.

Let wel: Weens 'n gebrek aan ruimte word die diagram vir die merklap nie in dié uitgawe geplaas nie, maar dit kan teen R5 bestel word. Stuur 'n posorder of tjek, uitgeskryf aan *Rooi Rose*, aan *Rooi Rose*-handwerk, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.
Onthou om jou besonderhede te verskaf.